



05 Jul.

Deel

# Afrikaans is wéér in stryd – met die regering en die taal-kapers

Rapport

Kommentaar

Maak ons jou nr.1-bron op Google

Luister na artikels
08:55



Skoolkinders by die Hector Pieterson-museum op 16 Junie vanjaar. Foto: Gallo

**Dis tyd dat die taal "ontkaap" word, skryf Michael Jonas by die herdenking van die Soweto-opstand.**

Toe ons by die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) besluit het om vanjaar in Soweto byeen te kom ter herdenking van die 1976-opstand, het ons onsself daaraan herinner dat Afrikaanses nooit kan wegstaan van die historiese en politieke konteks van die taal nie.

Soos die taalkenner prof. Hein Willemse dit gestel het: "Die aanklag van 1976 bly vir ons as sprekers van Afrikaans ons historiese trauma, een wat ons in geen gesprek oor taal in die land kan ontwyk nie."

'n Instelling soos die ATM, veral die Taalmonument, kan en sal, gegewe sy omstrede verlede en werk waarin dit opgerig is, nooit neutraal staan nie. Dit

moet word.

Resulta

Vorige resultate

+0.1%
+0.1%
+0.1%

## Nuusbriewe

Registreer gratis met jou e-...



Ontsluit só 'n wêreld vol inligting, direk in jou inboks – van...

Klik vir nuusbriewe

## In-diepte

Doelgerigte leierskap vereis eerlike terugskouing, sê UV-... Parlement gooi wal: Maatskappy kry R73 m. vir sloping, maar i...



08 Jul.

9 uur.

Só leer jong mense tegnologie met die regte wêreld... IN FOKUS | Herdenk Alice se wonderwêreld



04 Jul.

04 Jul.

Vind jou weg deur die gesondheidsorg... Kalender: 28 Junie tot

## Volgende op Netwerk24

'Gewone lede se Dawid-klippies bou Solidariteit – en hulle is ons baas'



05 Jul.

nuwe verpligte reisverkla...ing wat voltooi moet word voor jy die... van der Walt oor

al die landstale.

Dis waarom dit so belangrik is dat ons voortdurend ruimtes skep vir debat waar die persepsies en vooroordele oor die taal uitgedaag kan word.

Voorts is dit die rol van progressiewe taal- en kultuurinstellings soos die ATM en die Hector Pieterson-museum om die miteskepping uit te daag en aan die voorpunt te wees om 'n meer volledige geheue oor die geskiedenis, verlede en veral die rol van Afrikaans in die Soweto-opstand te verskaf.




Van links: Michael Jonas; Zenzile Khoisan, skrywer, kulturele aktivis en senior ondersoeker by die WVK, Antoinette Sithole, suster van die vermoorde Hector Pieterson; Heidi Erdmann, ondervoorsitter van die ATM-raad; en Prince Mbusi Dube, kurator van die Hector Pieterson-museum.

Taal, ook Afrikaans in sy verskeie gedaantes, is 'n kragtige, invloedryke kommunikasiemedium wat persepsies kan uitdaag, dialoog bevorder en 'n belangrike rol kan speel as versoener en brugbouer.

## Afrikaans as sondebok

Afrikaans, 'n betreklik jong Afrikataal, word tot vandag toe as sondebok en katalisator voorgehou vir die Soweto-opstand van 50 jaar gelede. Ek is nie hier om Afrikaans se rol in die opstand te verdedig nie.

Dit wil egter voorkom of daar bydraende faktore was wat moontlik 'n rol kon speel, soos die jare lange algemene politieke griewe, die internasionale klimaat en houding jeens die apartheidsregering, diskriminasie, vernederende armoede, 'n behuisingskrisis, min of geen toegang tot onderwys en tekorte aan opgeleide onderwysers.

Wat in die aanloop tot die 1976-onluste begin het as verset teen 'n beleid van gedwonge Afrikaanse onderrig in skole in Soweto, het 'n breër stryd teen die hele apartheidstelsel geword.

Die Soweto-opstand het verreikende kulturele, ras-, taal-, politieke en ekonomiese gevolge vir die Republiek van Suid-Afrika ingehou. Die internasionale gemeenskap het ook kennis geneem van die apartheidstaat se skending van menseregte en die stryd daarteen deur die jeugdiges.




moet word.
+0.1%
Resulta
Vorige resultate

Nuusbriewe
Registreer gratis met jou e-...



Ontsluit só 'n wêreld vol inligting, direk in jou inboks – van...
Klik vir nuusbriewe

In-diepte
Doelgerigte leierskap vereis eerlike terugskouing, sê UV-... Parlement gooi wal: Maatskappy kry R73 m. vir sloping, maar i...
08 Jul

9 uur
Só leer jong mense tegnologie met die regte wêreld... IN FOKUS | Herdenk Alice se wonderwêreld
04 Jul

04 Jul
Kontak ons
Vind jou weg deur die gesondheidsorg... Kalender: 28 Junie tot

Volgende op Netwerk24
'Gewone lede se Dawid-klippies bou Solidariteit – en húlle is ons baas'
05 Jul

nuwe verpligte reisverklaring wat voltooi moet word voor jy die land verlaat...



16 Junie 1976. Foto: Bongani Mnguni

In sy artikel "Soweto-opstand: laaste spyker in apartheid se doodskis" (15 Junie 2016) maak Leopoldt Scholtz die gewaagde stelling dat "geweld aan albei kante die norm geword (het) en eietydse geskiedenis van die land beïnvloed".

Scholtz maak ook die volgende stelling; ek haal aan: "Wat in 1976 gebeur het, is dat swartes hul passiewe aanvaarding van apartheid teruggetrek het. Hulle het apartheid prakties geveto. En hierna was die oorgang na 1994 onafwendbaar."

Ek stem heelhartig saam. Die Soweto-opstand van 1976 was 'n keerpunt wat uiteindelik tot die einde van apartheid en die bevryding van Suid-Afrikaners, en sodoende ook Afrikaans, gelei het.

Dit bring ons by die stand van Afrikaans as inheemse taal vandag.

## Taal van onderdrukker én onderdrukte

Die gebeure van 50 jaar gelede spook steeds by die Suid-Afrikaanse gemeenskap, maar veral die Afrikaanse taalgemeenskap. Afrikaans se beeld en die stigma blyk voort te leef en verewig te wees in geskiedskrywing/historiografie en die posisie wat dit in die demokratiese beeld ná 1994 beklee.

Meer as ooit vantevore word Afrikaans bejeën as taal van wit bevoorregting en uitsluiting. Dié narratief word doelbewus deur sommige sprekers, politici en amptenare gebruik om die taal se ontstaan en status te verdraai.

Die gedeelde ontstaansgeskiedenis van die inheemse taal, tesame met die bydraes van bruin en swart Afrikaanssprekendes, word weggelaat en geïgnoreer. Afrikaans se rol as taal van bevryding teen kolonialisme en apartheid word ook misken.

Afrikaans het onder Afrikaanssprekendes ontwikkel deur die vermenging van tale, kulture, invloede en ervarings aan die suidpunt van Afrika. Dis 'n allegaartjie gekenmerk deur verbastering en sosiale konflikte tussen kombuistaal, minderwaardige taal, Nederlands en onderdrukking deur die owerhede. Die konflikte sou later versprei na die stryd tussen standaardtaal teenoor verskillende variëteite.

moet word.
Resultate
Vorige resultate
Nuusbriewe
Registreer gratis met jou e-...
Ontsluit só 'n wêreld vol inligting, direk in jou inboks – van...
Klik vir nuusbriewe
In-diepte
Doelgerigte leierskap vereis eerlike terugskouing, sê UV-...
08 Jul
Só leer jong mense tegnologie met die regte wêreld...
04 Jul
Vind jou weg deur die gesondheidsorg...
Volgende op Netwerk24
'Gewone lede se Dawid-klippies bou Solidariteit – en húlle is ons baas'
05 Jul

Uit die Wes-Germaanse tale Nederlands, Afrikaans, Engels en Duits is dit die enigste Afro-Germaanse taal. Afrikaans het Germaanse wortels, maar dit het in Afrika ontwikkel. Die inheemse wortels word misken. Dit word beskryf as 'n witmanstaal omdat dit nou verweef was met die opkoms van wit nasionalisme en Afrikanervolkskapitalisme.

Die feit is die taal is vir 'n tydperk deur die Afrikanernasionaliste gekaap. Hulle het dit misbruik vir hul politieke en identiteitsvormingsprojek tot nadeel van die beeld en voortbestaan van die moderne Afrikataal.

Die ironie is dat Afrikaans, in sy ontstaan en ontwikkeling, die taal van sowel die onderdrukker as die onderdrukte was. Prof. Willemse het in Maart in 'n toespraak by die Universiteit van Pretoria oor die gebeure van 1976 daarop gewys dat betogende UWK-studente wat grotendeels Afrikaanssprekend was, aktief teen die apartheidsbestel gekant was. En "dat die betogings op die UWK-kampus en die uitbreidende opstand in die Wes-Kaap hoofsaaklik ín Afrikaans plaasgevind het. In dié sin was Afrikaans in dié streke die taal waarin téén Afrikaans betoog en in opstand gekom is".

Ten spyte hiervan is daar vandag vyandigheid van regeringskant teen die taal. Hoër funksies van die taal verkeer onder druk en die aanbod op skool- en universiteitsvlak verskraal.

Samehorigheid binne die Afrikaanse gemeenskap is uiters broos weens oënskynlike hegemonie van die minderheid Afrikaanssprekers wat die taal opeis en dit doelbewus wil aanwend as instrument van uitsluiting. Hulle eien hulle ook die reg toe om dikwels vir die swart/bruin sprekers te praat – en nie ten behoewe van hulle nie.

Terselfdertyd word die grootste groep sprekers van Afrikaans dikwels gebruik/misbruik as legitieme aanspraakmakers of taalgenote om getalle aan te vul of om sekere agendas te bevorder. Andersins word hul rol gereduseer tot taal-touleier, meeloper of agterryers in diens van die oppermag om die voortbestaan van Afrikaans te help verseker.

Taal word dus weer gebruik as 'n speelbal ter bevordering van wit Afrikanernasionalisme én die anti-apartheid-narratiewe wat Afrikaans uitsluitlik met onderdrukking vereenselwig.

Baie vordering is al gemaak met die herstandaardisering en depolitisering van die taal – asook versoening onder Afrikaanses onderling en met ander landgenote. Hoewel dit op sosiale en kulturele vlak sigbaar is, benodig dit op 'n politieke vlak erkenning.

Die ATM wil hom onomwonde posisioneer aan die kant van 'n inklusiewe, veelrassige verstaan van Afrikaans, asook die bevordering en viering van álle inheemse tale. Kulturele instellings soos 'n museum en monumente is gesaghebbende ruimtes en skeppers van kennisstelsels waar sienings uitgedaag word en menings gevorm word.

Ons moet ruimte skep vir konflikte waar uiteenlopende kwessies belig, bespreek en gedebatteer word.

Afrikaans het nie 'n kleur nie, maar bestaan wel uit verskillende, veelvoudige tongvalle. Van sy ontstaanswortels is dit 'n taal van vermenging, oorlewing, pyn, kreatiwiteit, veerkragtigheid en aanpassing.

Ons moet die taal "ontkaap" en brûe bou tussen Afrikaanssprekendes onderling, sodat ander opgebou word en sodoende deel word van 'n herstelproses wat landwyd plaasvind.

*• Michael Jonas is die direkteur van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument. Dié artikel is 'n aangepaste uittreksel uit sy toespraak gehou by 'n byeenkoms*



moet word.
+0.1%
Result
Vorige resultate

Nuusbriewe
Registreer gratis met jou e-...


Ontsluit só 'n wêreld vol inligting, direk in jou inboks – van...
Klik vir nuusbriewe

In-diepte
Doelgerigte leierskap vereis eerlike... Parlement gooi wal: terugskouing, sê UV-... Maatskappy kry R73 m. vir sloping, maar i...

08 Jul
9 uur
Só leer jong mense tegnologie met die regte wêreld... IN FOKUS | Herdenk Alice se wonderwêreld

04 Jul
04 Jul
Kontak ons
Vind jou weg deur die gesondheidsorg... Kalender: 28 Junie tot

Volgende op Netwerk24
'Gewone lede se Dawid-klippies bou Solidariteit – en húlle is ons baas'

05 Jul
nuwe verpligte reisverklaring wat voltooi moet word voor jy Bianca van der Walt oor

weekliks@rapport.co.za

## Nuusbrief

DONDERDAG

**Rapport Weekliks**

Debat – Boeke – Menings – Rubrieke – Ontleding. Elke Donderdag in jou inboks.

Teken in

### VERWANTE ARTIKELS



**Taalmonument-dialoog in hart van Sowetoherdenk opstande**



**Fred Pheiffer: Die owerhede struikel steeds oor die taalhekkie**



**Kalender: 14-20 Junie**

LEES MEER OOR:

SOWETO-OPSTAND AFRIKAANS RAPPORT 5 JULIE 2026

Kommentaar My profiel

Aangemeld as
**bemarking2@taalmuseum.co.za**

Netwerk24 ondersteun 'n intelligente, oop gesprek en waardeer sinvolle bydraes deur ons lesers. Lewer hier kommentaar wat relevant is tot die onderwerp van die artikel. Jou mening is vir ons belangrik en kan verdere menings of ondersoeke stimuleer. Geldige kritiek en meningsverskille is aanvaarbaar, maar dit is nie 'n platform vir haatspraak of persoonlike aanvalle nie. Kommentaar wat irrelevant, onnodig aggressief of beledigend is, sal verwyder word. Sien ons kommentaarbeleid

Kommentaar is gesluit vir hierdie storie.

**Alle kommentaar** 9 Jongste

4 dae gelede

**PHALA$007!**

Moenie Afrikaans die kaapse gemors maak vir die wat te lui is om ordentlik step up te maak nie.
Hou hein willlemse en ander se kombuistaal in die kombuis en bars waar die spul kaapse mekaar vermoor en met messe steek

Respek Antwoord Deel Rapporteer

4 dae gelede

**agextspecialist**

Dit verstom my dat mense wat so hoog opgee om die oorsprong van Afrikaans op te eis, nie verstaan dat 'n taal dinamies is nie. As dit nie groei nie, kwyn dit. Watter deel word nie verstaan nie. Waarom kibbel en krys oor ander se pogings

Respek Antwoord Deel Rapporteer




29 Mei

moet word. +0.1%

Resulta +0.1%

Vorige resultate +0.1%

## Nuusbriewe

Registreer gratis met jou e-...





Ontsluit só 'n wêreld vol inligting, direk in jou inboks – van...

Klik vir nuusbriewe

## In-diepte

**Doelgerigte leierskap vereis eerlike Parlement gooi wal: terugskouing, sê UIV-... Maatskappy kry R73 m. vir sloping, maar i...**



08 Jul

9 uur

**Só leer jong mense tegnologie met die INFOKUS | Herdenk regte wêreld... Alice se wonderwêreld**



04 Jul

04 Jul

**Vind jou weg deur die gesondheidsorg Kalender: 28 Junie tot**

Kontak ons



### Volgende op Netwerk24

'Gewone lede se Dawid-klippies bou Solidariteit – en húlle is ons baas'



05 Jul

**nuwe verpligte reisverklaring wat voltooi moet word voor jy die land verlaat?**

?

Moenie van Afrikaans 'n skollie-taal probeer maak nie.

Respek 12 Antwoord Deel Rapporteer

4 dae gelede

**M Koen**

Deel 2: Op die ou end: as dit nie vir die Afrikaner se nasionale projek was nie (so selfsugtig as wat dit was), sou ons almal vandag Engels gepraat het. Die kans dat Afrikaans tot op akademiese vlak sou groei, sou amper nul gewees het. Gee dus die wit mense hul krediet; ten spyte van die ernstige foute wat hulle gemaak het, het hulle ongelooflik baie bygedra.

Met dit wil ek dit duidelik stel dat daardie "ernstige foute" (insluitend die delusies, selfsug en oneerlikheid) wat my voorvaders gemaak het, ernstige gevolge gehad het wat erken en reggestel moet word. Bruin mense (en ander Afrikaanssprekendes) het die absolute reg om hul kritiese, massiewe bydrae en hul medebesit van Afrikaans op te eien. Kom ons wees ten minste realisties en eerlik en vermy die onophoudelike presentism. Dit het 'n beter kans om ons bymekaar te bring.

Respek 7 Antwoord Deel Rapporteer

4 dae gelede

**kwikkie**

In antwoord op **M Koen**

Belangrike feite wat jy noem. Ons harde werk om die Bybel te vertaal, woordeboeke te skryf, ons skrywers en dkgters moet onteenseglik erken word. Philip Louw wat kliphard werk aan die voltooing van diie WAT het nou die dag gesê dit is vir hom n inspirasie dat n klein taaltjie soos Afrikaans kan meeding met die grootste tale in die wêreld. Wat sê dit vir jou? Ons is vandag steeds besig om kliphard te werk!

Respek 7 Antwoord Deel Rapporteer

4 dae gelede

**JaMaar**

In antwoord op **M Koen**

Ek wens hierdie ewige gewroeg oor die sg. 'eienaarskap' van Afrikaans wil nou ophou. As dit nou moet, sê vir ons wie is die 'hulle' wat Afrikaans as eienaarskap wil toe-eien. Dis ons almal se taal wat dit praat, skryf en daarin droom en daarmee vloek.

Respek 1 Antwoord Deel Rapporteer

4 dae gelede

**M Koen**

Deel 1: Dit klink nie vir my na "brugbou-taal" as jy my (en my voorvaders) as skurke opstel nie. Eerstens is Afrikanernasionalisme 'n morele doelwit (Die "hoe is nie noodwendig verdedigbaarin alle opsigte nie); as jy dit ontken, ontken jy mense hul regte. Tweedens is dit rasioneel en logies om Afrikaans vir daardie doel te gebruik, omdat dit so sterk met identiteit verweef is. Jy sou onnosel gewees het om dit nie te doen nie. Derdens: om die onderdrukker / onderdrukte-narratief aan te hang is nie noodwendig verkeerd nie, maar jou interpretasie is gevorm deur vandag se waardes en nie dié van destyds nie. Jy maak jou dus skuldig aan presentism – iets wat ek verwag 'n belangrike Afrikaans leier sou vermy, of ten minste in konteks sou plaas.

Respek 3 Antwoord Deel Rapporteer

29 Mei

- Die idee is goed, maar soos baie ander dinge gaan dit nie in praktyk 'n verskil maak nie.
- Daar is geen manier hoe dit behoorlik toegepas gaan word nie.
- Dis net nog 'n hindernis wat buitelandse toeriste gaan afskrik.
- Dis verregaande – veral omdat selfs vir kinders en babas gedoen moet word.

+0.2% +0.2% +0.1% +0.1% +0.1%

**Resultate**

**Vorige resultate**

## Nuusbriewe

Registreer gratis met jou e-...





Ontsluit só 'n wêreld vol inligting, direk in jou inboks – van...

Klik vir nuusbriewe

## In-diepte

**Parlement gooi wal: Maatskappy kry R73 m. vir sloping, maar i...**



9 uur.

**IN FOKUS | Herdenk Alice se wonderwêreld**



04 Jul.

**Kalender: 28 Junie tot**

Kontak ons 087 353 1399

### Volgende op Netwerk24

'Gewone lede se Dawid-klippies bou Solidariteit – en húlle is ons baas'



05 Jul.

**Faan van der Walt oor**

**Van my voorstoep af**

Doen dieselfde met Engels.

Respek 1 Antwoord Deel Rapporteer

4 dae gelede

**Pennie**

Niemand keer vir niemand om Afrikaans (of dan, die Afrikaans van hul keuse) te bevorder nie. Moenie baklei as die mense wat dit wel bevorder, effens bleker as jyself is nie. Mense word nie uitgesluit nie. Mense sluit hulleself uit weens 'n gebrek aan inisiatief en deelname.

Respek 10 Antwoord Deel Rapporteer

Profiel en antwoorde Bo-aan kommentaar Bo-aan artikel



29 Mei

Beplan jou kykweek

| GELDEENHEDE | HULPBRONNE | JSE-INDEKSE |
|---|---|---|
| Rand - Dollar | 16.38 | +0.2% |
| Rand - Pond | 21.94 | +0.2% |
| Rand - Euro | 18.73 | +0.1% |
| Rand - Aus dollar | 11.36 | +0.1% |
| Rand - Jen | 0.10 | +0.1% |

Alle JSE-data is met minstens 15 minute vertraag

iress

## Blitsblik op 'n maatskappy

**Volg die maatskappy se aandeelprys en lees nuwe Sens-verklarings en resultate hier.**

## Nuuswenke

**Het jy 'n nuuswenk of storie wat jy graag met Netwerk24 wil deel? Stuur gerus 'n e-pos aan ons nuusspan.**

Stuur 'n e-pos

GET IT ON Google Play
EXPLORE IT ON AppGallery
Download on the App Store

© 2026 (3.9.26182.12) 24.com. Alle regte voorbehou.

GEBRUIKERSVOORWAARDES

MEDIA24 PRIVAATHEIDSBELEID

OPENBAARMAKING VAN KWESBAARHEID

**Kontak ons**

087 353 1300

## Volgende op Netwerk24

'Gewone lede se Dawid-klippies bou Solidariteit – en hulle is ons baas'

05 Jul

